HOOFSTUK 4

# 4. OPVOEDKUNDIGE VOORSIENING VIR INDIVIDUELE VERSKILLE VANAF 1925 TOT EINDE 1971

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoedat die verskillende provinsies en die Departement van Hoër Onderwys deur middel van onderwyskommissies pogings aangewend het om die onderwys so te differensieer dat doeltreffende voorsien= ing vir elke leerling se aanleg, belangstelling en vermoë gemaak kan word.

In die meeste gevalle het een provinsiale kommissie uit die aanbevelings van die vorige tot stand gekom; daarom word die bevindings en aanbevelings van al die kommissies in 'n bepaalde provinsie chronologies bespreek. In die hoofstuk word aangedui hoe differensiasie deur die oprigting van verskil= lende skole (Nicol-, 1939 en De Villierskommissies, 1948) stelselmatig moes plek maak vir die beginsel van komprehensiwiteit (Wilks-, 1946; Lynch-, 1950; Pretorius-, 1951 en Van Wykkommissies, 1955). Die klem het geleidelik van vak- tot kindsentriese onderwys verskuif. Die eise van die akademiese hoër= skool, wat aanvanklik as die alfa en die omega van alle "geleerdheid" beskou is, het daartoe gelei dat baie leerlinge vroeg die skool verlaat het. Die ontwikkeling van 'n groter differensiasie na "binne" en die verhoging van skoolplig tot st. 8 of 16 jr. ouderdom het daartoe gelei dat die leerlingtal gestyg het en meer leerlinge matriek kon slaag voordat hulle tot bepaalde beroepe toetree.

Die doelstelling is nie om die ontwikkeling van spesiale onderwys vir ver= standelik vertraagde leerlinge in elke provinsie volledig te bespreek nie, maar slegs om enkele hoogtepunte daarvan sowel as ter sake aanbevelings van die onderskeie kommissies kortliks saam te vat.

## 4.2 Transvaal

### 4.2.1 Die Nicolverslag (1939)

Ingevolge Administrateurskennisgewing no. 124 van 3 Maart 1937 is 'n provinsiale onderwyskommissie onder leiding van ds. W. Nicol benoem om on= dersoek in te stel na die onderwysstelsel van Transvaal "ten einde aanbe= velings te doen wat daartoe mag strek om die doelmatigheid van die stelsel te vermeerder, dit te laat aanpas by die modernste ontwikkelings op onder= wysgebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle klasse van die bevolking" (Nicolverslag, 1939, p. 5). Die belangrikste aanbevelings uit die verslag word vervolgens kortliks be= spreek.

Alhoewel daar in die Onderwyswet van 1907 geen voorsiening gemaak is vir 'n junior afdeling van die laerskool as afsonderlike inrigting nie, het die kom= missie tot die gevolgtrekking gekom dat dit wenslik is om 'n juniorskool te stig, wat tot en met standerd 1 moes strek (Nicolverslag, 1939, pp. 75 - 77).

Op ongeveer 12 jr. ouderdom betree die kind die puberteitstadium, waartydens 'n besondere liggaamlike en geestelike ontwikkeling plaasvind. Die kommissie het bevind dat die gemiddelde ouderdom van die st. 6-leerling 14 jr. is, sodat die oorskakeling van st. 6 na die middelbare skool die voordeel van ten minste twee jaar middelbare onderwys voor die boonste skoolpliggrens van 16 jr. be= reik word, moontlik sal maak. In die lig van bogenoemde twee argumente is aanbeveel dat die laerskoolkursus aan die einde van st. 5 beëindig moet word.

Die kommissie het bevind dat onderwysvoorsiening op middelbare vlak 'n groot probleem op plattelandse en in stedelike gebiede is. In die yl bevolkte plat= telandse gebiede eis plaaslike gemeenskappe dat middelbare skole opgerig moet word. Weens die klein getalle leerlinge kon daar egter weinig keusevakke in= gestel word. In stedelike gebiede was daar verder nie voldoende middelbare onderwysfasiliteite vir alle leerlinge nie; daarom is 'n toelatingseksamen tot middelbare onderwys in Johannesburg ingestel. Hierdie kwalifiserende eksamen het egter in 'n vergelykende eksamen ontaard, sodat die stelsel laat vaar en

weer volgens akademiese verdienste gekeur is (Nicolverslag, 1939, p. 82).

Die Nicolkommissie het verder bevind dat die "vernaamste grief teen die hui= dige stelsel van middelbare onderwys die nog steeds oordrewe eerbied vir die matrikulasiesertifikaat" is (Nicolverslag, 1939, p. 82). Om aan te toon dat die universiteitsgerigte kursus, in vergelyking met die skooleindsertifikaat= kursus, te sterk klem gedra het, word die volgende gegewens deur die kommis= sie aangehaal: uit 'n groep leerlinge wat in 1933 tot die hoërskool toege= laat is, het slegs 10% van die totale aantal leerlinge vir die matrikulasie= sertifikaateksamen ingeskryf. Van hierdie leerlinge het 38% die eksamen ge= druip, 37% het geslaag maar nie universiteit toe gegaan nie en 25% leerlinge het geslaag en wel universiteit toe gegaan (Nicolverslag, 1939, p. 82).

Die kommissie het die oplossing van die probleme, wat in die vorige paragraaf genoem is, in "'n uitgebreide differensiasie van die middelbare skoolkursus" gesien (Nicolverslag, 1939, p. 83). Daar is aanbeveel dat alternatiewe mid= delbare kursusse ingestel word: "'n korter en meer praktiese kursus van drie jaar en 'n langer meer akademiese kursus van vyf jaar" (p. 83). Die skool wat die korter kursus aanbied, sou bekend staan as die "Gevorderde Skool" en die skool vir die langer vyfjarige kursus as "Die Hoërskool" (p. 85). Leer= linge wat die Gevorderde Skool deurloop het, sou voorbereid wees om in be= sigheidsfirmas, munisipaliteite, die spoorweë,ens. te gaan werk. Leerlinge wat die Hoërskoolkursus volg, sou kwalifiseer vir toelating tot die universi= teit (p. 86). Die praktiese driejarige kursus is later in die stedelike ge= biede in die Juniorhoërskool en op die platteland in die Skoolplaas aangebied.

Die kommissie beklemtoon die feit dat beroepsonderwys in 1925 om finansiële redes na die Unie-Onderwysdepartement oorgedra is en dat geen opvoedkundige of administratiewe regverdiging hiervoor bestaan het nie. Daar word benadruk dat "die onderwys van die opgroeiende kind as 'n geheel beskou moet word" (Nicolverslag, 1939, p. 105). Om dit te verwesenlik, moet alle onderwys onder een liggaam ressorteer. Daar word dus aanbeveel dat die provinsie stappe moet doen om beheer oor beroepsonderwys terug te kry (p. 106).

Die kommissie bevind verder dat die leerplanne in die hoërskole oorlaai is, "waar die meeste werk in die skaduwee van die eindeksamen verrig word"

(Nicolverslag, 1939, p. 152). Die sillabusse in die laerskool moes ook ver= skraal word om in die ware sin van die woord voorbereidend van aard te wees tot die middelbare kursusse.

Die Nicolkommissie wys ten slotte daarop dat 'n dringende behoefte bestaan aan 'n gekonsolideerde onderwyswet, waarby alle wysigings geïnkorporeer is (Nicolverslag, 1939, p. 243). Die hoofwet van 1907 het egter,met wysigings,in beginsel die onderwyswet van Transvaal gebly. Dit is eers in 1953 deur 'n nuwe wet vervang (Coetzee, 1963, p. 336).

### 4.2.2 Die Lynchverslag (1950)

Die De Villierskommissie het in 1948 verslag gelewer oor 'n ondersoek na teg= niese en beroepsonderwys, wat in opdrag van die Departement van Hoër Onder= wys uitgevoer is. In 1949 is 'n Departementele Komitee onder voorsitterskap van J.R. Lynch deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangestel om die aan= bevelings van die De Villiersverslag te bestudeer en aanbevelings vir die provinsie te maak. Vervolgens word ter sake aanbevelings van die Lynchverslag (1950) kortliks bespreek.

Die De Villierskommissie het aanbeveel dat 'n Nasionale Onderwysraad deur wet= gewing ingestel moes word, en dat enige besluit van die raad deur die Minister van Onderwys bekragtig moes word. Die Lynchkommissie beveel egter die stig= ting van 'n Nasionale Adviserende Onderwysraad aan. Daar word gestel dat die selfstandigheid van die provinsies in hantering van plaaslike onderwysprobleme deur 'n Nasionale Onderwysraad geskaad kan word. Dié raad moet nie 'n voor= skrywende nie, maar wel 'n adviserende funksie vervul en op 'n administratiewe wyse ingestel word (Lynchverslag, 1950, p. 3).

Na aanbeveling van die De Villierskommissie dat alle primêre en algemene sekon= dêre onderwys onder provinsiale en alle beroepsonderwys onder sentrale regerings= beheer geplaas moet word, beveel die Lynchkommissie aan dat alle primêre en sekondêre (akademiese, handels-, landbou-, huishoudkunde) onderwys onder pro= vinsiale, en tegniese onderwys onder sentrale regeringsbeheer moet wees (Lynch= verslag, 1950, p. 3).

Die Lynchkommissie (Verslag, p. 4) beveel aan dat sewe jaar primêre onder= wys deur 'n vyf jaar akademiese kursus, waarvan die eerste drie jaar van al= gemene aard sal wees,gevolg moet word. In die laaste twee jaar van die hoër= skoolkursus moet 'n leerling dan kan kies tussen 'n handel-, landbou- of huishoudkunde studierigting. Tegniese onderwys sou op 15 jr. ouderdom 'n aanvang neem. Die kommissie vra verder dat alle provinsiale skole wat voor= siening maak vir onderwys op middelbare vlak "Hoërskole" genoem moet word (vergelyk die aanbevelings van die Nicolkommissie, par. 4.2.1). Alle Junior= hoërskole ("Gevorderde Skole") en Skoolplase moet dus in sodanige hoërskole omskep word (Lynchverslag, 1950, p. 30). Die Juniorhoërskool wat minderbe= gaafde leerlinge moes akkommodeer, asook alle leerlinge wat nie gekeur word vir die middelbare kursus in 'n "Hoërskool" nie, is dus afgeskaf.

Die beskouing dat die hoërskool slegs 'n akademiese karakter moes dra, is vervang met die beginsel van komprehensiwiteit (Lynchverslag, 1950, p. 10).

Die Lynch- en De Villierskommissies stem saam dat die verhouding tussen middel= bare onderwys en die universiteite vir beide skadelik is: "The present prac= tice of basing admission to a university on the attendance of a certain kind of school and the following of particular syllabuses drawn up in the inte= rests of universities makes effective differentiation in secondary education impossible" (Lynchverslag, p. 11). Die Matrikulasieraad moes daarom 'n Uni= versiteitstoelatingsraad word (soos aanbeveel in par. 308 van die De Villiers= verslag).

Die twee kommissies beklemtoon albei die waarde van individuele voorligting en berading vir elke kind. Indiensopleiding vir onderwyser-voorligters en oprigting van kinderleidingsklinieke moet verder die hoogste prioriteit ge= niet (Lynchverslag, 1950, pp. 15, 23).

Die Lynchkommissie sluit hul verslag af met die aanbeveling dat 'n komitee benoem moet word om gedifferensieerde middelbare onderwys in oorsese lande te gaan bestudeer, vir sover dit betrekking het op die Transvaalse onderwys= situasie (Lynchverslag, 1950, p. 30).

Op 1 September 1950 het die Uitvoerende Komitee van Transvaal die aanbevelings van die kommissieverslag aanvaar en die benoeming van 'n komitee om die pro= bleem van gedifferensieerde middelbare onderwys te bestudeer in beginsel goed=

gekeur (Steynverslag, 1953, p. 3).

4.2.3. Die Steynverslag (1953)

'n Departementele onderwyskommissie is op 7 Augustus 1951, onder voorsit=terskap van Hoofinspekteur E. Steyn, benoem om ondersoek in te stel na die vraagstuk van gedifferensieerde middelbare onderwys en na enkele aspekte van laerskoolonderwys "in soverre dit betrekking het op die toepassing van die beleid van drie jaar gedifferensieerde onderwys vir elke leerling" (Steyn=verslag, 1953, p. 4). Enkele bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in 1953 gepubliseer is, word hierna verder bespreek.

Om vir individuele verskille by leerlinge voorsiening te maak, moes daar gedifferensieer word met betrekking tot doelstellings, skole, vakkeuse, vak=inhoud, onderwystempo en -metodes. Die kommissie beveel aan dat daar bin=ne die raamwerk van elke vak gedifferensieer word om aan te pas by die ver=skillende bekwaamheidsgroepe (Steynverslag, 1953, p. 31). Taalkursusse kon hiervolgens die klem laat val op letterkunde, die skryf van briewe en die gebruik van die spreektaal vir laer bekwaamheidsgroepe, wat later loopbane in die staatsdiens en handelswêreld wou volg.

Die kommissie stel voor dat leerlinge in bekwaamheidsgroepe verdeel word waardeur leerlinge by wyse van proefneming in een of twee skole in twee strome verdeel word, naamlik 'n "vinnige en 'n stadige stroom" (Steyn=verslag, 1953, p. 65).

Daar was egter 'n aantal struikelblokke in die weg van die implementering van die aanbevole, noodsaaklike hervorming in middelbare onderwys:

"a. Die hele stelsel van middelbare onderwys word deur die eise van die matrikulasie-eksamen oorheers en enige kursus wat nie in die kurrikulum van hierdie eksamen ingesluit word nie, sal vir die meeste ouers onaan=neemlik wees.

b. Daar bestaan geen handboeke vir die sogenaamde differensiasie na binne

nie. Feitlik al die handboeke wat beskikbaar is vir gebruik in die mid=delbare skool, is geskryf met die oog op die eise van die matrikulasie-ek=samen"(Steynverslag, 1953, p. 31).

Die kommissie het veral die rapporte van die Skotse "Advisory Council on Edu=cation" met betrekking tot komprehensiewe hoërskole bestudeer en die voordele wat dit vir die onderwys in Transvaal sou inhou, aangetoon (Steynverslag, 1953, pp. 25 - 29).

Met betrekking tot die wese van die onderwys in die laerskool is daar veral beswaar aangeteken teen die gees van intellektualisme en klassikale onderrig. Volgens die kommmissie moet hierdie benadering plek maak vir algemeen-vormende onderwys wat op die individuele aanleg en vermoë van elke kind berus (Steyn=verslag, 1953, p. 66). Gestandaardiseerde skolastiese toetse word aanbeveel om die vordering van 'n leerling in die verskillende afdelings van vakke te meet.

Die Steynkommissie wys ten slotte daarop dat hul bevindings en aanbevelings hoofsaaklik op gegewens uit verslae van Suid-Afrikaanse en buitelandse onder=wyskommissies, rapporte van onderwysdepartemente, opvoedkundige tydskrifte en wenke berus. Daar word derhalwe aanbeveel dat 'n studie in die buiteland onderneem word voordat die aanbevole veranderinge in organisasie en metodes aangebring word. Hierdie veranderinge kan dan by wyse van proefneming in sekere uitgesoekte skole of gebiede uitgetoets word (Steynverslag, 1953, p. 8).

### 4.2.4 Die Interkerklike Komitee (1955)

Na aanleiding van kommer wat op onderskeie sinodesittings van die drie Hol=lands-Afrikaanse Kerke (Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk, Gerefor=meerde Kerk en Nederduitse Hervormde Kerk) gedurende die veertigerjare van die twintigste eeu uitgespreek is oor "onderwystoestande", is 'n Interkerk=like Komitee vir Opvoeding en Onderwys uit verteenwoordigers van die onder=skeie kerkgroepe saamgestel om onderwysprobleme te ondersoek en verslag uit te bring.

Die komitee omlyn die taak van die skool in maatskaplike toestande soos "gesinsontwrigting en jeugverwildering". Om sy funksies in hierdie verband te vervul, moet daar 'n diepgaande verandering in die samestelling van kur= rikulums en sillabusse plaasvind (Komiteeverslag, 1955, p. 21). Dit word duidelik gestel dat daar 'n klemverskuiwing moet kom van 'n sekondêre kurri= kulum en sillabusse wat eensydig opgestel is vir 'n klein persentasie leer= linge wat na 'n universiteit gaan, na 'n kurrikulum en sillabusse wat vir die breë groep leerlinge se differensiële vermoëns voorsiening maak (Komi= teeverslag, 1955, p. 21).

Die Interkerklike Komitee se aanbevelings kom dus daarop neer dat sekondêre onderwys in 'n baie groter mate gedifferensieer moet word om aan elke kind se belangstelling, vermoë en aanleg te beantwoord. Hierdie aanbeveling van die Komitee kan begryp word, want leerlinge se frustrasie wat volg op her= haalde mislukkings in leerstof wat bokant hul vermoëns is of waarin hulle geen belangstelling het nie, ontwikkel in gedragsprobleme en later in jeug= misdaad.

4.2.5 Die Van Wykverslag (1955)

Na aanleiding van die Steynkommissie se aanbeveling is 'n kommissie onder voorsitterskap van A.H. du P. van Wyk in Maart 1955 na die buiteland gestuur om ondersoek in te stel na gedifferensieerde middelbare onderwys. In die verslag, wat in Oktober 1955 gepubliseer is, word 'n uiteensetting van ver= skillende lande se onderwysstelsels gegee, waarna 'n aantal wysigings van die bestaande stelsel in Transvaal voorgestel word:

a. Die kommissie beveel aan dat twee afsonderlike matriekeksamens afgeneem moet word, naamlik 'n skooleindsertifikaat- en universiteitstoelatings= eksamen (Van Wykverslag, 1955, p. 57). In hierdie opsig het die Van Wyk= kommissie 'n deurbraak gemaak in die differensiëring in slaagvereistes vir twee groepe leerlinge, naamlik diegene wat na 'n universiteit wil gaan en dié leerlinge wat direk na skoolverlating tot die beroepswêreld wil toetree;

b. die onderwys moet kindsentries en nie vaksentries wees nie. Die leer=ling se aanleg en bekwaamheid moet die uitgangspunt wees;

c. doeltreffende voorligting met betrekking tot studierigting en vakkeuse moet aan die begin van die middelbare skoolloopbaan vir alle leerlinge beskikbaar wees. Met die oog hierop word die uitbreiding van die onder=wyser-voorligtingsdiens aanbeveel (Van Wykverslag, 1955, pp. 59, 93);

d. in die vorige twee dekades is daar deur die Nicol- en De Villierskommis=sies veral klem gelê op differensiasie deur die stigting van afsonderlike skole en die bevordering van beroepsonderwys. Die Van Wykkommissie het 'n deeglike studie van die komprehensiewe hoërskool gemaak en aanbeveel dat alle vorme van onderwys in een skool aangebied moet word en dat leer=linge in homogene vermoënsgroepe ingedeel word (Verslag, 1955, pp. 69 - 71). Om hierdie aanbeveling in al sy konsekwensies te kon deurvoer, moes alle middelbare onderwys na die provinsies oorgedra word (Van Wykverslag, 1955, p. 93); en

e. daar word aanbeveel dat intelligensievermoë, prestasie en aanleg as kri=teria moet geld vir die indeling van leerlinge in bepaalde bekwaamheids=groepe (p. 93).

4.2.6 Ontwikkeling tussen 1965 en 1971

In hierdie tydperk was daar net soos in die ander provinsies geen noemenswaar=dige ondersoeke deur provinsiale kommissies na vernuwing in die stelsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys nie, omdat die Nasionale Adviserende On=derwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) in 1964 'n komitee vir gedifferen=sieerde onderwys en voorligting benoem het om vraagstukke op nasionale basis te ondersoek (kyk par. 5.2).

4.2.7 Differensiasie deur spesiale onderwys

Die Nicolkommissie beveel in 1939 (Nicolverslag, p. 99) aan dat daar deur mid=del van spesiale klasse in die gewone skool en spesiale skole voorsiening ge=

maak word vir die kind met 'n I.K. van 50 tot 80. Sedert 1923 het daar reeds 'n aantal klasse vir verstandelik vertraagdes bestaan. Geestelik vertraagde kinders,met 'n I.K. laer as 50, is tot 1939 slegs deur die Unie-regering as hul verantwoordelikheid aanvaar as hulle "gevaarlik of opstandig van aard is" (Nicolverslag, p. 101). Die Nicolkommissie beveel aan dat die Unie die ver= sorging van alle geestelik vertraagde kinders onderneem.

Die Nicolkommissie toon verder aan dat die "ontoereikendheid van beskikbare geriewe" die keuring van leerlinge vir spesiale onderwys onmoontlik gemaak het (Nicolverslag, 1939, p. 99). Omdat die departementele sielkundige, wat in 1935 aangestel is, dit om bogenoemde rede nie die "moeite werd geag het" om leerlinge aan keuring te onderwerp nie, het die onderwysers leerlinge ook nie vir hierdie doel verwys nie (Nicolverslag, p. 99).

Die Lynchkommissie (Lynchverslag, 1950, p. 24) onderskryf die aanbeveling van die De Villierskommissie (1948) dat daar twee jaar langer onderwysvoorsiening vir die verstandelik vertraagde leerlinge as vir die gewone leerlinge gemaak moet word. Hulle beklemtoon ook dat gekeurde, spesiaal opgeleide onderwysers in beheer van spesiale klasse moet wees (Lynchverslag, 1950, p. 25).

Die Steynkommissie (Steynverslag, 1953, p. 35) lê besondere klem op die prak= tiese waarde van die verworwe kennis vir elke leerling. Die "behoeftes" van elke kind moet as rigsnoer dien by die samestelling van sillabusse. By evalu= ering moet daar veral gebruik gemaak word van gestandaardiseerde skolastiese toetse (Steynverslag, 1953, p. 60).

Die Van Wykkommissie (Van Wykverslag, 1955, p. 43) se aanbeveling dat verstande= lik vertraagde leerlinge wat jonger as 13 jr. is in spesiale klasse aan ge= wone skole geplaas moet word en dié wat ouer as 13 jr. is in spesiale skole, is in ooreenstemming met die huidige beleid. Die behoefte word ook gevoel dat daar in al die stedelike gebiede organisasies gestig moes word om met die pla= sing van dié leerlinge in beroepe behulpsaam te wees (Van Wykverslag, 1955, p. 43).

## 4.3 Kaapprovinsie

### 4.3.1 Pogings tot onderwysvernuwing

Die belangrikste bakens in die ontwikkeling van gedifferensieerde onderwys in die Kaapprovinsie kom in die jaarverslae van die Superintendent-generaal van Onderwys voor. Die vraag na die skeidslyn tussen primêre en junior se= kondêre onderwys was vir W. de Vos Malan (Superintendent-generaal van Onder= wys) in die veertigerjare van die twintigste eeu een van die grootste pro= bleme in die onderwysstelsel (Coetzee, J. Chr., 1958, p. 114).

Malan beveel na aanleiding van 'n buitelandse reis en die De Villiersverslag (1948) aan dat leerlinge primêre onderwys ontvang vanaf 5+ jr. tot 12+ jr. (Behr, 1971, p. 169; RGN-verslag, 1970, p. 55).

Vanaf 1953 sou st. 5 dus die laaste standerd van die primêre skool wees. In dieselfde jaar is ook die nuwe junior sekondêre kursus (12+ jr. tot 15+ jr. ouderdom) geïmplementeer (Behr, p. 169). Hierdie kursus moes 'n verlenging en uitbreiding van die algemene primêre onderwys wees. Behr (1971, p. 169) lei hieruit af dat "the Cape was not anxious to introduce overmuch specializa= tion or a school with multilateral sides or courses". Malan beklemtoon eg= ter dat individuele verskille by leerlinge altyd in ag geneem moet word en dat leerlinge in homogene groepe ingedeel moet word (Behr, p. 169).

'n Senior sekondêre kursus, wat op die junior sekondêre kursus gebou is, se hersiene sillabusse is in 1956 in skole ingevoer (RGN-verslag, 1970, p. 55). Twee tipes kursusse, naamlik die Universiteitstoelatings- en die nie-Universi= teitstoelatingskursusse is met gemeenskaplike kernvakke ingestel. Vir die verskeidenheid in belangstelling en aanleg word voorsiening gemaak deur aka= demiese, algemene, handels- en tegniese vakke (Behr, 1971, p. 170). Skool= plig is verleng tot die ouderdom van 16 jaar of st. 8, sodat elke kind min= stens drie jaar sekondêre onderwys sou ontvang.

### 4.3.2 Differensiasie deur spesiale onderwys

In 1926 is R.A. Foster deur die Onderwysdepartement as ere-psigiater aange=stel om "agterlike en geestelik gebreklike kinders" in gewone skole uit te ken (Coetzee, 1963, p. 103). Hy het aanbeveel dat verstandelik vertraagde kinders in spesiale klasse geplaas moet word. In 1930 is die eerste onder=wysers vir spesiale onderwys aan Stellenbosch opgelei. In 1934 was daar 20 spesiale klasse en in 1940 reeds 155 (Coetzee, p. 104).

Nadat finansiële probleme die uitbreiding van spesiale klasse gestrem het, het die Unie-regering in 1936 op versoek van die Onderwysdepartement die sub=sidie tot die helfte van die koste per kind verhoog.

Weens 'n tekort aan opgeleide onderwysers is die uitbreiding van spesiale klasse in 1947 gestaak. 'n Verdere belangrike baken in die ontwikkeling van spesiale onderwys in die Kaapprovinsie was die voortgesette opleiding van verstandelik vertraagdes in na-primêre afdelings, waarmee in 1953 aan die Westcliff-skool in die Kaap begin is (Coetzee, p. 104). Die eerste drie spesiale skole is in 1957 en die vierde in 1959 gestig.

## 4.4 Oranje-Vrystaat

### 4.4.1 Die Pretoriusverslag (1951)

Kragtens administrateurskennisgewing no. 62 van 1946 is 'n onderwyskommissie onder voorsitterskap van W.J. Pretorius aangestel met die opdrag om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring en "om aanbevelings te doen ten opsigte van moontlike hervormings en verbeterings wat aangebring kan word om die doel=matigheid van die onderwysstelsel te vermeerder; dit te laat aanpas by die nuutste ontwikkeling op gebied van die Onderwys en dit meer doeltreffend te maak in belang van alle klasse van die bevolking" (Pretoriusverslag, 1951, p. 10).

Die kommissie het ten aanvang 'n studie gemaak van die "filosofies-opvoedkun=dige grondslag van die onderwys en opvoeding" en aanbeveel "dat die Christe=

like beginsel in die onderwys en opvoeding erken, openbaar en gekweek moet word ten einde by die leerlinge 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel" (Pretoriusverslag, 1951, p. 23). Die nasionale beginsel, wat onder leiding van die Christelike moet staan, word ook beklemtoon.

In sy verslag, wat in 1951 verskyn het, beveel die kommissie aan dat die laerskool vertikaal in 'n junior en senior afdeling georganiseer moet word. Die juniorskool of -afdeling bestaan dan uit substanderd A tot en met st. 1 en die senior afdeling uit st. 2 tot 5. Hierdie aanbeveling is in ooreen= stemming met dié van die Nicolkommissie in 1939 (kyk par. 4.2.1). Die oor= plasing van st. 6 na die middelbare skool het enkele jare na dié ontwikke= ling in Transvaal geskied, nadat die kommissie deeglik ondersoek ingestel het na die opvoedkundig-psigologiese grondslae van kinderontwikkeling.

Na die ondersoek van bepaalde kritiekpunte teen middelbare onderwys kom die Pretoriuskommissie tot die gevolgtrekking dat "hoewel die kurrikulums van die middelbare skole voorsiening maak vir gedifferensieerde onderwys, het dit in die praktyk nog nie genoegsaam tot sy reg gekom nie en bly die aka= demiese rigting, wat in werklikheid voorsiening maak vir hoogstens een der= de van die leerlinge, oorheersend in al die hoërskole" (Pretoriusverslag, 1951, p. 121). Die plek van Voorligting in die aanbieding van studierig= tings ooreenkomstig elke leerling se potensialiteite word daarom deur die kommissie beklemtoon.

Desentralisasie van die onderwys in die Vrystaat het reeds sedert 1927 toe= geneem nieteenstaande finansiële probleme wat met klein skole gepaard gaan. Die kommissie het bevind dat die getal hoërskole van 43 in 1930 tot 63 in 1950 toegeneem het,terwyl die getal Juniorhoërskole gedaal het van 26 in 1930 tot 14 in 1950 (Pretoriusverslag, 1951, p. 125). In 1974 was daar 77 sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat (Rossouw, 1974, p. 26).

Die kommissie het hom ook uitgespreek oor die moontlikheid en probleme van sentralisasie: "sentralisasie van die middelbare onderwys sou die band tus= sen die ouerlike woning en die kind verbreek en hom losruk uit en vervreem van die landelike omgewing; die platteland, die wieg van die Boerenasie, be= sit individualiteit en kweek sterk persoonlikhede; die plaasskool vorm die kul= turele brandpunt van sy omgewing" (Pretoriusverslag, 1951, p. 126). Hier= die motiverings ten gunste van desentralisasie is ook deur Rossouw in 1974

(p. 37) (na 20 jaar) steeds as algemene struikelblokke in die weg na doel= treffende sentralisasie gevind.

Die kommissie keur verder 'n stelsel van Juniorhoërskole, waardeur leerlinge met minder akademiese aanleg 'n driejarige praktiese kursus volg, af. Dit word gedoen op grond van die gevoel van minderwaardigheid en frustrasie wat uit ondervinding by leerlinge, onderwysers en ouers na instelling van die skole in Transvaal gewek is (Pretoriusverslag, 1951, p. 130).

Die oplossing vir die probleme in die stelsel van middelbare onderwys is, volgens die Kommissie, geleë in die daarstelling van een skool, wat voorsien= ing maak vir drie rigtings, naamlik die akademiese, die tegniese en die han= delsrigting. In die eerste drie jaar word die onderwys so georganiseer dat daar 'n brug bestaan tussen die verskillende rigtings, wat onderlinge oorska= keling moontlik maak (Pretoriusverslag, p. 131). Die beginsel van komprehen= siwiteit word hierdeur beklemtoon. In die praktyk het die Pretoriuskommissie voor die administratiewe probleme van die klein hoërskole te staan gekom.

Na inagneming van alle faktore beveel die kommissie aan dat:

a. daar voorsiening gemaak word vir vier studierigtings, naamlik akademies, handel, tegnies en landbou;

b. middelbare skole geklassifiseer word as Juniorhoërskole en Hoërskole;

c. alle Juniorhoërskole driejarige kursusse in hoogstens twee van die vier rigtings sal aanbied; en

d. dat Hoërskole vyfjarige kursusse in minstens twee van die vier studie= rigtings (kyk a) kan aanbied (Pretoriusverslag, 1951, p. 133).

In die Hoërskool word die stigting van aanpassingsklasse vir leerlinge met leergestremdhede verder aanbeveel (Pretoriusverslag, 1951, p. 181).

4.4.2 Die Wentzelverslag (1963)

Op 17 Junie 1963 het die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad besluit om 'n kommissie, onder leiding van W.F. Wentzel, na die buiteland te stuur om ondersoek in te stel na: "die organisasie van middelbare onderwys met die oog op differensiasie daarvan .." (Wentzelverslag, 1963, p. 3). Enkele aanbeve= lings uit die verslag, wat op 20 Desember 1963 vrygestel is, word vervolgens kortliks bespreek.

Daar word gevra vir die behoud van die bestaande gedesentraliseerde middelbare onderwys "binne redelike perke" (Wentzelverslag, 1963, p. 61). Alhoewel die kommissie die stigting van "heel klein middelbare skole" afraai, word geen voorskrifte van gemiddelde grootte van diê skole gegee nie en is die aanbeve= ling waardeloos.

Die kommissie stel dit as voorvereiste vir die suksesvolle beplanning van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys dat die Provinsie volle beheer oor alle vorme van onderwys (akademiese en beroepsonderwys) sal kry.

Beroepsonderwys behoort ook algemeen-kulturele vakke in te sluit, sodat elke kind as volle mens ontwikkel sal word (Wentzelverslag, 1963, p. 61).

Die kommissie het bevind dat slegs 15 tot 20% leerlinge in die meeste lande 'n akademiese rigting volg, waarvan slegs 4 of 5% die Universiteit bereik (Wentzelverslag, 1963, p. 58). Daar is bevind dat gemiddeld uiters 20% van die leerlinge in die Republiek bestaande akademiese kursusse kan volg, sodat beroepsonderwys vir 80% leerlinge voorsien moet word (p. 62). Die kommissie beveel verder aan dat tersiêre inrigtings vir al die gedifferensieerde studie= rigtings voorsien moet word, sodat die afwesigheid van verdere opleidingsgeleent= hede leerlinge nie in bepaalde rigtings dwing nie (Wentzelverslag, 1963, p. 65).

Die verlenging van verpligte skoolbesoek tot 18 jr. ouderdom en die verlaging van die onderste grens tot 6 jr. ouderdom, bring mee dat daar vir 6 jaar mid= delbare onderwys voorsiening gemaak moet word. Behr (1971, p. 175) sê in hier= die verband: "Although most South Africans would dismiss both of these ideas as unrealistic at present, the demands of a rapidly-developing economy will

make a further and closer consideration of these suggestions not only ad= visable, but necessary, in the fairly near future". Die Komitee vir Ge= differensieerde Onderwys en Voorligting beveel egter in 1970 aan dat die stelsel van 6 - 3 - 3 (6 jr. primêre onderwys, 3 jr. junior sekondêr en 3 jr. senior sekondêr) gevolg moet word, waar st. 5 as eerste jaar van die junior sekondêre fase moet dien en die boonste skoolpliggrens 16 jr. sal wees (RGN-verslag, 1970, p. 144).

Die eerste jaar in die sekondêre skool sou dan, volgens die Wentzelkommissie, 'n ontdekkingsjaar wees, met dieselfde kursus vir alle leerlinge, terwyl die leerlinge in die tweede jaar 'n bepaalde studierigting moet kies (Went= zelverslag, 1963, p. 64). Hiermee saam behoort kursusse, volgens die kommis= sie, so georganiseer te word dat oorskakeling met die verlies van hoogstens een jaar kan geskied.

Die Wentzelkommissie spreek hulle uit teen 'n verengde doelstelling van mid= delbare onderwys, naamlik om leerlinge af te rig vir geskrewe eindeksamens, waardeur rypheid op ander vlakke van die persoonlikheid as die intellek buite rekening gelaat word. Verkryging van insig en ontwikkeling van die hele per= soonlikheid moet daarom voorrang geniet (Wentzelverslag, 1963, p. 63).

Alhoewel die kommissie gedesentraliseerde middelbare onderwys, waar "'n leer= ling die beste opgevoed kan word in sy eie gemeenskap" (Wentzelverslag, p. 61), bepleit, word daar verder aanbeveel dat middelbare onderwys in die kleiner sentra deur middel van komprehensiewe skole verskaf moet word (p. 65). In groter sentra moes hoërskole spesialiseer om elk 'n volwaardige studierigting (akademies, handel, ens.) aan te bied.

### 4.4.3 <u>Differensiasie deur spesiale onderwys</u>

Spesiale onderwys, sowel as alle ander vorme van buitengewone onderwys, is tradisioneel as die verantwoordelikheid van die Unie-Onderwysdepartement be= skou. Daar is egter in 1936 ooreengekom dat die onderwys vir "verstandelik afwykendes" deur die provinsies hanteer kon word, waarvoor die betrokke depar= tement toelaes sou ontvang (Coetzee, 1963, p. 206). In 1945 was daar 21 spe= siale klasse aan laerskole, wat aan 386 leerlinge onderrig verskaf het.

Die Interdepartementele Komitee vir spesiale onderwys het in 1951 aanbeveel dat daar met die stigting van spesiale klasse aan skole voortgegaan word, maar dat 'n spesiale skool vir "verstandelik afwykendes" uit die Vrystaatse skole in Bloemfontein gestig word. Die Pretoriuskommissie (Verslag, 1951, p. 338) wys daarop dat daar nie 'n diepgaande ondersoek na spesiale onderwys ge=loods kon word nie, maar dat aangesluit word by die genoemde aanbeveling van die Interdepartementele Komitee. In 1960 is spesiale onderwys aan 919 leer=linge in die primêre en sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat verskaf.

Die Wentzelkommissie (1963) het geen aanbevelings met betrekking tot spesiale onderwys gemaak nie.

## 4.5 Natal

Coetzee (1963, p. 237) onderskei vier hoofstadia in die ontwikkeling van die onderwys in Natal: Tydens die eerste fase is planne in werking gestel om pri=mêre onderwys op 'n vaste grondslag te plaas. Die tweede fase word gekenmerk deur 'n uitbreiding van sillabusse om met die eise van die tyd tred te hou. Met betrekking tot middelbare onderwys is in die derde fase aandag aan kos=huise, 'n beursstelsel en vry onderwys geskenk. Die vierde fase is gekenmerk deur die erkenning van en voorsiening vir individuele verskille.

### 4.5.1 Die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1942

Die onderwyswette van 1877 vorm die basis waarvolgens die Natalse onderwysstel=sel tot 1942 gefunksioneer het (Coetzee, J. Chr, 1963, p. 258). Die Gekonsoli=deerde Onderwysordonnansie,no. 23 van 1942, het 'n groot aantal wette en ordon=nansies gekonsolideer en aanbevelings van die onderwyskommissie van 1937 ten uitvoer gebring. Die belangrikste bepalings van die onderwysordonnansie van 1942 was die volgende:

a. Vry sekondêre onderwys vir Blanke en Kleurlingskole;

b. verpligte bestudering van albei amptelike tale vanaf st. 1; en

c. verpligte onderwys deur medium van die leerling se tweede amptelike taal in die een of ander deel van die kurrikulum vir nie minder as 'n half= uur per dag nie (Coetzee, p. 258).

4.5.2 Die Wilksverslag (1946)

Volgens Natalse provinsiale kennisgewing no. 59,gedateer 10 Februarie 1944, is 'n provinsiale onderwyskomitee onder voorsitterskap van E.C. Wilks benoem. Die opdrag aan die komitee het 'n wye verskeidenheid sake ingesluit, waarvan die volgende aspekte hier ter sake is:

a. "alle aangeleenthede betreffende die leerplanne van skole van alle tipes, veral met betrekking tot die aantal en verskeidenheid vakke en die tyd daarvoor toegewys, en die noodsaaklikheid daarvan om die leerplan van enige tipe skool uit te brei of in te kort; en

b. die noodsaaklikheid daarvan om bestaande sillabusse te hersien" (Wilksver= slag, 1946, p. 1).

Enkele bevindings en aanbevelings van die Wilkskomitee word vervolgens kort= liks bespreek:

'n Beswaar wat deur feitlik alle onderwyskommissies van die verskillende pro= vinsies opgehaal is, is die oormatige klem op die matrikulasiesertifikaat. Die erkenning wat deur die beroepswêreld en "groot publiek" aan die matrikula= siesertifikaat "as die toppunt van 'n goeie middelbare opvoeding" geheg is, het skole aangespoor om hul kurrikulums volgens die vereistes van die matriku= lasie-eksamens aan te pas (Wilksverslag, 1946, p. 6). "Op hierdie wyses word die behoeftes van die vele vir dië van die weiniges opgeoffer en nie alleen vind groot groepe leerlinge, wat nooit na 'n universiteit sal gaan, dat hulle van fasiliteite vir hul spesifieke behoeftes verstoke is nie, maar ook is hul= le verplig om kursusse te loop waarvoor hulle op grond van neiging, belangstel= ling of aanleg nie geskik is nie" (p. 6).

Die pogings van die onderwysdepartement om handels- en tegniese kursusse in te

stel, is deur die Unie-Onderwysdepartement gekortwiek, omdat hulle nie beheer oor beroepsonderwys wou afstaan nie (Wilksverslag, 1946, p. 6). Die komitee kom tot die gevolgtrekking dat die "afwesigheid van enige gesonde opvoedkun= dige beginsel met betrekking tot die verdeling van beheer enigeen moet opval wat ondersoek instel na die organisasie van die huidige Suid-Afrikaanse onder= wysstelsel" (Wilksverslag, 1946, p. 8). Daar is derhalwe aanbeveel dat alle voltydse onderwys tot en met st. 10 slegs deur die provinsie beheer word (Wilksverslag, 1946, p. 10).

Die komitee beveel verder aan dat alle middelbare skole komprehensief ("veel= sydig") van aard moet wees. Indien daar skole is wat op daardie stadium te klein is om komprehensiwiteit toe te laat, kan ontwikkeling in daardie rigting geskied met toename in grootte. Komprehensiwiteit moes "daardie haatlike vorm van intellektuele snobisme wat aan akademiese kursusse verbonde geraak het", verbreek (Wilksverslag, 1946, p. 20).

Pogings tot groter differensiasie is in die middelbare skool aangewend deur die aanbeveling tot instelling van vier parallelle kursusse:

Kursus A is 'n praktiese kursus, wat bedoel is vir leerlinge wat die skool teen die einde van hul sestiende jaar wil verlaat. Kursus B is 'n handelskursus vir dogters wat as snelskriftiksters, boekhoudsters, klerke, ens. tot die handels= wêreld wil toetree. Kursus C is 'n "voorberoepskursus" wat saamgestel is vir seuns wat 'n professionele loopbaan (ingenieurswese, boukunde, opmeetkunde en assuransie) wil volg. Kursus D is die akademiese kursus wat tot universiteits= toelating lei (Wilksverslag, 1946, pp. 71 - 77). Op hierdie wyse sou daar voorsiening gemaak word vir individuele verskille met betrekking tot aanleg, vermoë en belangstelling.

### 4.5.3 Memorandum van die Direkteur van Onderwys oor differensiasie in Natalse skole (1961)

Op grond van 'n oorsese reis en die verslag van 'n ad hoc-komitee oor gediffe= rensieerde onderwys het die Direkteur van onderwys, L.J.T. Biebuyck, in 1961 'n tweestroomstelsel vir sekondêre skole aangekondig (RGN-verslag, 1970, pp.

58 - 59). Hierdie nuwe stelsel berus op Europese en Transvaalse onderwysstel= sels. In die tweestroomstelsel word voorsiening gemaak vir 'n Gevorderde en Gewone Stroom. Die Gevorderde Stroom lei tot die Senior Sertifikaat met of sonder matrikulasievrystelling en die Gewone Stroom tot die Senior Sertifikaat.

Na toelating tot een van die Strome in st. 6 volg 'n leerling die studiekursus vir twee jaar en verwerf daarna die Junior Sertifikaat (Gevorderd of Gewone) en na 'n verdere twee jaar die Senior Sertifikaat (Gevorderd of Gewone). Slegs die Senior Sertifikaat (Gevorderd) bied toelating tot 'n universiteit, oplei= dingskollege of enige na-matrikulasiekursus (RGN-verslag, p. 59).

4.5.4 <u>Die Lightonverslag</u> (1963) (RGN-verslag, 1970, p. 59; Behr, 1971, p. 173)

Op 25 Oktober 1962 is 'n komitee onder leiding van R.E. Lighton deur die Ad= ministrateur van Natal benoem om ondersoek in te stel na die wenslikheid van differensiasie deur middel van die ingestelde tweestroomstelsel. In die ver= slag, wat in Julie 1963 verskyn het, word 'n aantal tekortkominge in die be= staande stelsel van differensiasie aangetoon en die volgende aanbevelings ter verbetering gemaak:

"'a. Whenever circumstances permit there should be three Streams. It is highly desirable that this should be made possible in all high schools.

b. While there are two Streams they should be called A and B, and when there are three Streams, they should be called A, B and C Streams.

c. The policy and the implementation of differentiation within the Natal High Schools should be periodically reviewed by an ad hoc committee composed mainly of expert educationists'" (RGN-verslag, p. 59).

### 4.5.5 Differensiasie deur spesiale klasse en skole

Natal het die voortou geneem wat die voorsiening van spesiale onderwys aan verstandelik vertraagde kinders betref (Coetzee, J. Chr., 1963, p. 251). In 1917 het A.M.B. Thomson aanbeveel dat daar spesiale voorsiening gemaak moet word vir verstandelik vertraagde leerlinge, wat nie die mas met die gewone skoolwerk kon opkom nie.

Die eerste spesiale klas vir verstandelik vertraagde leerlinge is in 1925 by die Kleinkinderskool in Greyville gestig. Hierdie spesiale klas is in 1928 na Bereaweg oorgeplaas, wat die oorsprong van die Huntwegse Geleent=heidskool was (Coetzee, J. Chr., p. 252). Leerlinge van alle grade van vertraagdheid is in hierdie skool opgeneem. Die Direkteur van Onderwys het in 1940 aangekondig dat daar 229 "geestelik belemmerde kinders" in die spesiale klasse van die Huntwegse staatskool en in die Durbanse Ope=lugskool is. Laasgenoemde skool, wat in 1921 gestig is, was die eerste skool vir "liggaamlik gebreklike kinders" in Suid-Afrika (Coetzee, J. Chr. p. 252).

In 1946 het die Wilkskommissie (Verslag, p. 24) aangetoon dat die voor=siening vir gestremde kinders deur die Interdepartementele Komitee onder=soek word en dat hulle daarom nie na hierdie saak diepgaande ondersoek gedoen het nie. Die volgende aanbevelings is egter tog gedoen:

"a. dat spesiale klasse vir verstandelik subnormale kinders by junior=skole, waar getalle dit regverdig, gestig behoort te word;

b. dat by geen skool meer as twee spesiale klasse gestig word nie; en

c. dat hierdie klasse liefs aan juniorskole (laerskole)verbonde moet wees" (Wilksverslag, 1946, p. 25).

## 4.6 Departement van Hoër Onderwys

### 4.6.1 Ontwikkeling tot 1945 (RGN-verslag, 1970, p. 61)

Soos bykans in elke onderwyskommissieverslag aangetoon is, was die verdeelde beheer oor die onderwys sedert 1925 een van die grootste struikelblokke in die weg van doeltreffende differensiasie van sekondêre onderwys.

Op 1 April 1925 is alle beroepsonderwys vanaf die provinsies na die Unie-Onderwysdepartement oorgedra. Tegniese Kolleges is reeds sedert 1923 tot hoër onderwysinrigtings verklaar (Wet no. 5 van 1922). Die Wet op Beroepsonderwys en spesiale skole (no. 29 van 1928) maak voorsiening vir die oprigting van skole vir beroepsonderwys en die algemene beheer en administrasie daarvan. In 1934 het die provinsies 'n versoek tot die Rooskommissie gerig om beroepskole, wat volgens Wet no. 29 van 1928 aan die Unie-Onderwysdepartement oorgedra is, aan die provinsies terug te gee. Die Rooskommissie het hierdie aanbeveling aan die Unie-Onderwysdepartement gedoen.

### 4.6.2 Die De Villiersverslag (1948)

Op 15 Maart 1945 is 'n kommissie onder voorsitterskap van F.J. de Villiers benoem om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor tegniese en beroepsonderwys in die Unie in die algemeen en in die besonder met betrekking tot 'n aantal aspekte, waarvan die volgende uitgesonder word:

a. "of en tot watter mate meer uitgebreide voorsiening dan die geval tans is, gemaak moet word vir onderrig van 'n beroepskundige aard in die leerplan van laer- en middelbare skole wat onderwysfasiliteite van algemene aard verskaf; en

b. die omvang van die beroeps- en tegniese onderrig wat gegee moet word in onderwysinrigtings wat spesiaal vir die doel opgerig is" (De Villiersverslag, 1948, p. 1).

In die verslag, wat in Julie 1948 gepubliseer is, stel die kommissie "'n onderwysstelsel wat in alle stadiums en op alle peile individuele verskille in ag neem en daarvoor voorsiening maak" as uitgangspunt (De Villiersverslag, 1948, p. 24).

Die mees algemene beswaar teen laeronderwys was dat dit te "akademies" van aard was (De Villiersverslag, p. 37). Alhoewel die kommissie se getuienis oor die wenslikheid van "onderrig van 'n beroepsaard" in die laerskool nie een= stemmig was nie, is daar tog tot die slotsom gekom dat: "in die gewone loop van sake sal daar geen sprake wees van verskillende soorte onderwys binne die= selfde leeftydsgroep in die laerskool nie; en die leerplan sal min of meer dieselfde wees vir alle kinders wat tot dieselfde leeftydsgroep behoort" (De Villiersverslag, p. 37). Die laerskool sou verder net tot st. 5 strek.

Enkele bevindinge met betrekking tot algemene tekortkominge in die middelbare onderwys word vervolgens saamgevat:

a. "dat gevestigde belange in die onderwyswêreld magtig is, en bestaande toe= stande hardnekkig verdedig;

b. dat daar geen nasionale onderwysbeleid is nie, en 'n verontrustende gebrek aan nasionale uitkyk;

c. dat die huidige verhouding tussen algemene en beroepsonderwys geensins gesond is nie, soos na vore kom in gebrek aan die nodige aanskakeling en koördinasie, en ernstige verdubbeling van funksies van verskillende inrig= tings;

d. dat die dringendste hervorming wat in die onderwys noodsaaklik is, dié in verband met middelbare onderwys is;

e. dat die huidige verhouding tussen middelbare en universiteitsonderwys vir albei nadelig is en doeltreffende differensiasie in middelbare onderwys onmoontlik maak;

f. dat daar 'n dringende behoefte aan die uitbreiding van die fasiliteite vir beroepsonderwys op alle peile en onder alle kategorieë is; en

g. dat daar 'n gebrek aan toereikende beroepsvoorligtings-, keurings- en plasingsdienste is" (De Villiersverslag, 1948, p. 289).

Die kommissie beveel aan dat 'n Juniorhoërskool in 'n dorp gestig word sodra 'n inskrywing van 30 leerlinge in die st. 5-klas gehandhaaf kan word. Dié skool se "grootste vraagstuk sal die voorsiening vir individuele verskille wees". Leerlinge sal vir die eerste drie jaar sekondêre onderwys in bekwaamheidsgroepe ingedeel word, ooreenkomstig die getal personeellede wat beskikbaar is (De Villiersverslag, 1948, pp. 49, 57). Beroeps-, Opvoedkundige- en Persoonlikheidsvoorligting moet op kontinue basis aan alle leerlinge beskikbaar gestel word (pp. 61, 62). Die Juniorhoërskool moet ook spesiale klasse vir verstandelik vertraagde en liggaamlik-afwykende leerlinge akkommodeer (p. 294).

Die toelatingsouderdom tot beroepsonderwys word op ongeveer 15 jr. gestel. Leerlinge kan dus na voltooiing van die Juniorhoërskool tot beroepshoërskole of Seniorhoërskole met akademiese kursusse toetree. Daar word verder aanbeveel dat gevorderde kursusse aan sekere beroepshoërskole aangebied word (De Villiersverslag, 1948, p. 292).

Met betrekking tot die beheer oor die onderwys word aanbeveel dat alle laer- en middelbare (algemene) onderwys onder die Provinsiale Administrasies bly en alle beroepsonderwys onder die beheer van die Unieregering ressorteer (De Villiersverslag, 1948, p. 291).

As voorwaarde vir doeltreffende implementering van die genoemde aanbevelings word die instelling van 'n Nasionale Adviesraad deur middel van wetgewing in die Parlement voorgestel (De Villiersverslag, 1948, p. 295).

Verskeie opvolgkomitees het in gebreke gebly om die aanbevelings van die De Villierskomitee tot implementering te voer, totdat die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika (kyk par. 4.2.4) die probleem van verdeelde onderwysbeheer ondersoek het. 'n Memorandum insake die behoefte van 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die "huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van die Middelbare Onderwys" is in Oktober 1954 aan die Minister van Onderwys voorgelê. Hieruit het die Beroepsonderwyswet (no. 70 van 1955) voortgevloei, waardeur beroepsonderwys onder

die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geplaas is (RGN-verslag, 1970, p. 63).

Ooreenkomstig Wet no. 41 van 1967 is beroepsonderwys weer op 1 April 1968 na die provinsiale onderwysdepartemente oorgedra (kyk par. 5.4).

## 4.7 Evaluering

### 4.7.1 Die oordrewe klem op die matrikulasiesertifikaat

Die mees algemene beswaar wat deur alle onderwyskommissies deur die dekades van die 20ste eeu teen sekondêre onderwys na vore gebring is, is die "oor=drewe eerbied vir die matrikulasiesertifikaat". In 'n poging om hierdie pro=bleem op te los, beveel die Van Wykkommissie (1955) in hierdie verband gedif=ferensieerde slaagvereistes vir die skooleindsertifikaat- en universiteits=toelatingseksamens aan. Hiermee is die grootgroep leerlinge wat nie na 'n uni=versiteit wou gaan nie in staat gestel om wel standerd 10 te slaag voordat hulle tot die beroepswêreld toetree. Malan beklemtoon hierdie saak in 1956 in die Kaapprovinsie deur die instelling van twee tipes kursusse, naamlik die universiteitstoelatings- en die nie-universiteitstoelatingskursusse. Die Wilkskommissie (1946) beveel vier parallelle middelbare kursusse aan ter voorsiening vir individuele verskille met betrekking tot aanleg, belangstelling en vermoë. Die indeling van leerlinge in bekwaamheidsgroepe is reeds deur die De Villierskommissie in 1948 aanbeveel. 'n Driestroomstelsel (A, B en C) is in 1963 na analogie van die Transvaalse en Europese onderwysstelsels deur die Lightonkommissie vir Natalse skole aanbeveel.

### 4.7.2 Komprehensiewe hoërskole

Die Wilks- (1946), Lynch- (1950), Pretorius- (1951) en Van Wykkommissies (1955) lê besondere klem op die daarstelling van komprehensiewe hoërskole waar alle studierigtings in een skool aangebied kan word. Die Pretoriuskommissie keur die stigting van Juniorhoërskole vir kinders met minder akademiese aanleg af en

pleit in die besonder vir sentralisasie deur middel van komprehensiewe hoër=skole. In 1974 het Rossouw nog steeds sentralisasie as die oplossing vir doeltreffende differensiasie in die Oranje-Vrystaat bepleit.

### 4.7.3 Verdeelde beheer oor die onderwys

Die wisseling van beheer oor beroepsonderwys tussen die provinsiale onderwys=departemente en die Departement van Nasionale Opvoeding (vroeër: Unie-Onder=wysdepartement en later Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) het ge=durende die 20ste eeu 'n algemene verskynsel geword. Die De Villierskommis=sie (1948), sowel as die Interkerklike Komitee (1955) se aanbevelings in hier=die verband het gelei tot die Beroepsonderwyswet (no. 70 van 1955), waardeur beroepsonderwys onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en We=tenskap geplaas is.

Die pogings om die verdeelde beheer oor sekondêre (algemene en beroeps-) onder=wys op te hef, het op 1 April 1968 (as implementering van Wet 41 van 1967) fi=nale beslag gekry met die oordrag van beroepsonderwys aan die provinsiale on=derwysdepartemente.

Die doelmatige implementering van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys is slegs moontlik wanneer die provinsiale onderwysdepartement gekoördineerde be=heer uitoefen oor alle vorme van onderwys in die provinsie. Die aanbieding van meer as een studierigting in 'n sekondêre skool, sowel as byvoorbeeld die keuse van 'n tegniese studierigting na st. 7 (volgens die nuwe gedifferensieer=de onderwysstelsel) word opvoedkundig en organisatories moontlik gemaak deur die gekoördineerde beheer deur een instansie.

### 4.7.4 Voorligting

Die De Villierskommissie beklemtoon reeds in 1948 die belangrike beginsel van kontinuïteit in Voorligting aan leerlinge. Verder word die verskillende kom=ponente, naamlik Beroeps-, Opvoedkundige- en Persoonlikheidsvoorligting onder=skei. Die preventatiewe karakter van Voorligting in leiding van leerlinge tot verantwoordbare en verantwoordelike keuses binne gedifferensieerde onderwys=

moontlikhede word hierdeur beklemtoon.

### 4.7.5 Opvoedkundige grondslae

Die Pretoriuskommissie (1951) maak 'n diepgaande studie van die opvoedkundige grondslae van die onderwys en opvoeding en toon aan dat die Christelik-nasio= nale beginsel die hoeksteen van alle onderwys en opvoeding is.

## 4.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die pogings wat deur die belangrikste onderwyskommis= sies van provinsiale onderwysdepartemente en die Departement van Hoër Onder= wys (tans Departement van Nasionale Opvoeding) aangewend is om die doeltref= fendheid van die voorsiening vir individuele verskille te verhoog, bespreek. Verder is enkele hoogtepunte in die ontwikkeling van differensiasie deur spe= siale onderwys vir verstandelik vertraagde leerlinge, sowel as aanbevelings van die onderskeie kommissies in hierdie verband, bespreek. Ten slotte is daar ook tot 'n kritiese evaluering van enkele bevindings en aanbevelings van ver= skillende kommissies gekom.

In hoofstuk 5 word die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys, sowel as die provinsiale toepassings van die beleid na 1972 bespreek.